

Sing vooraf staande: Psalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 9:1, 7 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 7 Die hart van hul wat U bely, / sal in u Naam standvastig bly.
Dié wat U soek in stil vertrou, / is by U veilig en behoue.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 18:11 (p. 75)

- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Gebed

Amen.

Psalm 19:6 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Skriflesing: Efesiërs 3

Teks: Efesiërs 3:16, 17

... dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlijkheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, ...
(Efesiërs 3:16, 17 AFR53)

Alle gelowiges – ook ons gemeente – moet biddend met die Here saamlewe. In hierdie proses moet daar by ons geloofsgroei wees.

- Dit gebeur deurdat ons daagliks 'n bekeringslewe leef in die volle genade van die teenwoordigheid van God die Heilige Gees.
- Daarmee saam moet ons voortdurend na mekaar toe uitreik in die geloof.
- So sal ons as gemeente aan die hoogste en enigste God en Here alle eer en aanbidding gee. Ons moet dit deurlopend doen – nou en tot in ewigheid.

Ons kyk in die gedeelte wat ons saam gelees het na die volgende sake wat vir hierdie preek belangrik is:

1. Openbaring en gebed

2. Openbaring en wedergeboorte

1. Openbaring en gebed

Hierdie gebed van Paulus vloei voort uit wat hy in hoofstuk 2 geskryf het, naamlik dat die Here ons uit genade gered het en uit die sonde uit lewend gemaak het.

Na aanleiding van hierdie onbeskryflike groot genadedaad van die Here skryf Paulus nou verskillende dinge.

- Eers skryf hy dat die heidene dit moet waardeer dat die Here hulle uit die dood van sondeverlorenheid verlos het, en dat hulle die vrede van Jesus Christus moet soek.
- Daarna skryf hy dat die verkondiging van die evangelie noodwendig daartoe lei dat mense in lyding beland.
 - Dit is waarom hy in die tronk sit – maar die gelowiges in Efese moet nie daarvoor in spanning raak nie.
 - Dit is 'n eer om te ly vir Jesus Christus.

Dan volg die slotgedeelte: Elke mens wat besef wat dit beteken dat Jesus Christus gesterf het sodat ons suiwer uit genade verlos word tot die ewige lewe, kan nie anders nie: hy gaan dadelik op sy knieë en aanbid en dank God.

So openbaar die Here deur die pen van Paulus die grootheid van die heil wat die verlostes ontvang in die Here Jesus Christus.

- Heidene wat totaal verlore was en heeltemal in die donker buite die koninkryk van God was, word deur sy groot genade verlos.
- Die effek wat dit op Paulus het, is dat hy sy knieë voor die Here buig en vir hierdie gereddes bid.

Hoeveel van ons wat in die diens van ouderling, predikant en diaken staan, bid uit behoefte – en so vervul met eerbied en aanbidding vir die groot wysheid en genade van God – vir die lidmate wat Hy aan ons sorg toevertrou het?

- Daar is iets in hierdie optrede van Paulus vasgevang wat ons moet navolg.
- Ons moet ook op so 'n punt kom waar die besef van die verbysterende grootheid van God se verlossing oor ons sondaars ons op ons knieë voor God die Here laat neersak.

Dit is vir ons dalk vreemd om te dink dat mense – en soms 'n hele gemeente – op hulle knieë gaan staan en bid, maar in die Ou-Testamentiese tyd en in Paulus se tyd was dit baie algemeen.

- Die Here het al vir Jesaja gesê dat elke knie voor Hom sal buig om Hom te aanbid (Jes. 45:23).
- In die tuin van Getsemane het die Here Jesus op sy knieë gestaan en bid die nag toe Hy verraaï is (Luk. 22:41).
- Later het Paulus en die ouderlinge van Efese eenkeer saam gekniel en gebid, en by nog 'n geleentheid het die vrouens en kinders ook saamgeloop strand toe en daar het almal saam gekniel en gebid (Hand. 7:60; 20:36; 21:5.).

In die gebed bid Paulus spesifiek tot die Vader van Jesus Christus.

- Dit is 'n gebruik wat by die Christene gewoonte geword het na aanleiding van die *Onse Vader* waar die Here Jesus ons geleer het om God aan te spreek as Vader.

Die gebed openbaar iets baie belangriks van die Vader:

- Elke geslag in die hemele en op die aarde het hulle naam van Hom af ontvang.
- Hierdie woorde teken die Here in sy reddingsdaad of verlossingsdaad.

In Afrikaans gaan dit ongelukkig verlore, maar uit die Griekse teks is dit baie duidelik dat daar 'n sterk verband is tussen die woorde "Vader" en "geslag". Dit is dieselfde stamwoord wat net in verskillende vorms geskryf staan.

Die woord wat met *geslag* vertaal word, beteken normaalweg: *geslag, volk, familie*.

- Maar in hierdie sin beteken dit dat hierdie geslag uit die Vader is.
- Hulle het hulle bestaan en dit wat hulle is aan Hom te danke.

Die naamgewing en die Vaderskap hou ook verband met mekaar.

- Die naam wat ontvang word, beteken juis dat die gelowiges die naam dra dat hulle aan die Here behoort – hulle is sy kinders, daarom spreek hulle Hom aan as Vader.
- Hier word verwys na gelowiges wat reeds in die hemel is. Moontlik is die engele ook by hierdie geslagte wat in die hemele is, ingesluit.

Ons weet dat die engele nie familie van mekaar is nie en dat hulle ook nie trou nie, maar daar staan tog in Job 1:6; 2:1; 38:7 dat hulle seuns van God is.

- Dit maak dat die engele ingesluit is by die wat almal hulle naam van die Vader ontvang het, want hulle het God ook as Vader.
- Die onmeetbare grootheid van God kom dus uit in die geslagte in die hemele en op die aarde wat sy Naam dra.

Ons moet net onthou dat 'n naam in die Ou Testament nie net klanke was wat aan iemand anders herinner nie.

- Dit is inderdaad 'n openbaring van die wese van die persoon self.
- In hierdie geval openbaar die feit dat God die Vader aan ons 'n naam gee, die feit dat ons sy kinders en eiendom is.
- Die heerlikheid van die Here word dus in 'n sekere sin in ons ook ontsluit, omdat ons deur ons Vader deel kry aan sy majesteit en eer.

2. Openbaring en wedergeboorte

Die doel en die inhoud van die gebed kom in vers 16 aan die beurt.

Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik versterk te word dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

(Efesiërs 3:16 AFR53)

Die gebed van Paulus gaan oor en vir mense wat pas uit die heidendom tot bekering gekom het.

- Tot nou toe het hulle bitter min van die heiligheid van die Here in hulle gehad.
- Maar nou is hulle verlos en verander (Ef. 2:1-10).
- Die gebed is inderdaad 'n pleitrede dat die werk van verlossing en wedergeboorte sy voortgang in hierdie verlostes moet hê.

Die probleem is: Hoe gaan dit prakties gebeur dat die mense hierdie groei en verandering ondergaan?

- Deur die werk van die Heilige Gees. Alle bekwaamheid in gelowiges word deur God die Heilige Gees gewerk.

Kom ons kyk net na 'n paar verwysings waar dit in die Bybel geopenbaar word:

- Daar staan in 1 Korintiërs 12:4 geskryf dat daar 'n verskeidenheid van genadegawes is wat almal deur die een en dieselfde Gees bewerk word.
- In Romeine 5:5 skryf die Here dat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

Ons moet net onthou dat al die dinge wat tot sover uit die Bybel aangehaal is, die Here se werking met ons beskryf.

- Maar ons het ook 'n verantwoordelikheid wat nagekom moet word.
- Daar moet 'n bepaalde groei in onself gebeur, naamlik 'n groei dat ons so 'n mate van wasdom en sterkte bereik dat ons alles wat eie is aan die sonde kan weerstaan en oorwin.

In Efesiërs 4:24 staan die woorde:

... en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid ... (Efesiërs 4:24 AFR53)

Ons moet dus innerlik self ook verander en die nuwe mens soos klere aantrek, leer hierdie gedeelte.

Hierdie bekwaamheid kom bepaaldelik van God die Heilige Gees af.

- In hoofstuk 2:8 staan daar al geskryf dat ons uit genade gered is, deur die geloof, en dat dit 'n gawe van God is.
- Hoofstuk 2:18 beklemtoon dat ons die toegang tot die Vader het deur een Gees – die Heilige Gees.
- Hoofstuk 3:5 brei nog 'n keer verder daarop uit en leer dat Paulus juis sy insig in die verborgenheid van Christus by die Heilige Gees kry – net soos die heilige profete en apostels hulle insig ook by dieselfde Heilige Gees gekry het.

Dit gaan daaroor dat die inwendige mens deur die Gees van God verkwik en toegerus moet word sodat, onder andere, deur bekering alle swakheid verdwyn en hulle geloofstryd in 'n oorwinningstog teen die duiwel verander.

- Uiteindelik is hierdie gebed van Paulus waar van alle gelowiges, want selfs die wat lank reeds in die verbond is, het hierdie geweldige lading van sondesmet wat aan hulle vasklou.
- Ons moet almal deur die Here herskep word om hieruit tot volmaaktheid te groei.

Die resultaat van die inwerking van God die Heilige Gees is dat Jesus Christus nou deur die geloof in sulke gelowiges se harte woon (Ef. 3:17). Dit gaan hier oor twee sake:

- Aan die een kant gaan dit oor die inwerking van die Here in ons harte.
- Aan die ander kant gaan dit oor ons eie werke wat nou volg op die inwerking van God die Heilige Gees.

Hoe is dit duidelik dat God die Heilige Gees en Jesus Christus in iemand woon?

- Hierdie persoon se inwendige lewe word beheers deur 'n ware geloof, en deur ware liefde wat in hulle woorde en werke tot uitdrukking kom.
- Verder kom dit uit in hulle begrip van al die dinge wat God openbaar.

Iemand by wie hierdie dinge nie voorkom nie, verdonker die gemeenskapsverhouding tussen hom en die Here.

- Daarom bid Paulus dat die gereddes die inwoning van Jesus Christus en God die Heilige Gees duursaam in hulle sal hê sodat daar nie by hulle verval intree nie.

Geen gelowige loop hierdie pad alleen nie.

- Gelowiges het mekaar inderdaad nodig in hulle aanbidding aan die Hoogste God en Here.
- Daarom sê die Here hier dat al die heiliges saam ten volle moet begryp waarom dit gaan in die verlossingswerk van die Here Jesus Christus.

Die ware gelowiges moet met ware liefde en met ware besieling met mekaar saamleef.

- Dit moet onder hulle wees soos 'n fondament wat nie uitgeruk kan word nie.
- Die innerlike leiding van die Heilige Gees moet tot openbaring kom in die geloof van die gereddes – daarin dat hulle groots, vas en kragtig oor die sonde heers.

Die apostel bid verder dat hierdie gereddes sal ontwikkel om uiteindelik voluit te deel in die volle gemeenskap met die Here.

- Die gebed vra dat die Heilige Gees so 'n magtige en blywende indruk op die gelowiges se begrip sal maak dat hulle totale denke beheers word deur hulle aanbidding en dank aan die Here.
- Die begrip van die gelowiges moet strek oor die totale genade en heerlijkheid van God soos wat dit tot openbaring kom in die verlossingswerk van Jesus Christus.
- Die Bybel praat hier van die *breedte en lengte en diepte en hoogte*, maar dit is bloot om daarmee die onmeetlikheid in alle rigtings van Jesus se oneindige versoening te beklemtoon.

Geloof het natuurlik twee sye:

- Die intellektuele sy omdat ons 'n werklike kennis van God en sy Woord moet hê.
- Maar die emosionele is nie uitgesluit nie – die liefde van Christus, waarmee Hy Hom so wonderbaar betoon het aan ons moet ook in ons lewens gestalte kry.

Paulus skryf hier dat die liefde van Christus alle kennis oortref.

- Dit is waar, want wie kan die hele saak dat Jesus Homself uit liefde vir ons aan die dood oorgegee het, ooit in sy volle grootte en heerlijkheid deursien en verstaan?
- Wanneer hierdie liefde en genade eie is aan ons, dan eers deel ons in die volheid van God.
- Dit is asof die Bybel leer dat ons eers in die volheid van God deel wanneer ons hierdie stempel op ons karakter en persoon het.

In verstomming sluit hierdie gedeelte dan met 'n lofverheffing aan die Here af.

- Die bedoeling van die lofverheffing is natuurlik in die eerste plek om God te verheerlik en te prys.
- In die tweede plek is dit 'n versterking vir ons:
 - Ons moet beseft dat daar niks te groot is wat ons van die Here kan vra nie.
 - Daar is ook niks wat ons verbied om dit te vra nie, want God die Here is onbeperk in sy almag.

Die Here se almag oortref alles – dit oortref selfs alles wat ons bid of dink.

- Met hierdie allesoortreffende almag van God werk Hy in ons.
- Dit gee aan ons 'n idee tot watter hoogtes ons in staat kan wees wanneer ons ons aan die leiding van God die Heilige Gees onderwerp.

Die lofverheffing word afgesluit met die woorde:

... aan Hom die heerlijkheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! (Efesiërs 3:21 AFR53)

Iets word baie sterk beklemtoon:

- ... **in die gemeente** ... en
- ... **deur alle geslagte tot in ewigheid** ...

Die gemeente is juis die plek waar die Here sy verlossingsgenade die uitnemendste openbaar, want die gemeente bestaan uit verlostes deur die bloed van Christus.

Omdat die gemeente uit mense bestaan, bestaan dit ook vir eeue soos wat die een geslag na die ander een kom – totdat die ewigheid daar is.

- Van hierdie gemeente is die Here Jesus Christus die Hoof.
- Toe Johannes die openbaring op Patmos ontvang het, het hy Jesus juis tussen die kerke gesien – die sewe kandelare was die simbool daarvan.

Aan die einde van dit alles staan daar: **Amen**. Dit bevestig dat alles absoluut waar is.

- Kom ons gemeente leef ook so biddend en met bekering in die volle genade van die teenwoordigheid van God die Heilige Gees.
- Kom ons reik ook voortdurend na mekaar toe uit in die geloof.
- Kom ons gee aan die hoogste en enigste God en Here alle eer en aanbidding – nou en tot in ewigheid.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 128:1, 4 (p. 627) In vers 4 sing: *ons* i.p.v. *jy* en *jou*

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 5 Januarie 2014